# Jy kán, want God kan

Wat ’n merkwaardige woord staan hier in ons teksvers: Dit was vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou! Ons kan ook vertaal: Die dood was nie by magte om Hom vas te hou nie.

En dit, terwyl die dood in die Bybel geteken word as ’n mag, ’n verskriklike mag wat oor ons lewens seggenskap het. Die dood staan eintlik as die simbool van alle magte waaraan ons onderwerp is. Die dood is in die Bybel ’n soort versamelnaam vir alle magte wat ons bind en magteloos maak.

Só is die dood die einde van ons lewens, die laaste grens van alles wat ons is en doen. Die dood is die simbool van ons nietigheid, ons eindigheid en verganklikheid as mense. Dink maar aan Ps 103, waar Dawid so treffend skryf oor die nietigheid en kortstondigheid van die mens se lewe, en hoe gou die dood daaraan ’n einde bring: Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van ’n veldblom wat oopgaan: as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg. (103:15,16) In die lig van die dood lyk alles dikwels so sinloos en leeg, sodat die Bybel die dood ’n mag noem wat ons verslaaf en waarvoor die mens in vrees lewe: Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry. (Heb 2:14,15).

Maar vir die Nuwe Testament is die dood nie net die mag van verganklikheid nie; dit staan ook vir die mag van die sonde. Daarom sê Ef 2:1 dat die mens dood is as gevolg van sy sonde, maw die mens is só in die mag van die sonde vasgevang dat hy magteloos is om goed te doen en om vir God te dien. Net soos die dood as verganklikheid oor ons heers – ons moet almal eendag sterwe – en ons almal in sy greep hou en verslaaf, net so heers die dood ook as ’n sondemag oor ons almal en hou ons almal in sy greep en verslaaf ons, sodat ons letterlik nie by magte is om God waarlik te dien nie. Julle ken almal die bekende gedeelte in Rom 7 waar Paulus skryf hoe hy vir God wil dien, maar hoedat die mag van die sonde hom telkens weer só vashou dat hy net nie vir God kán dien nie, sodat hy in 7:24 uitroep: Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie

doodsbestaan verlos?

MAAR: Die wonder van God se almag is juis hierin geleë dat dit sterker is as die dood, dat dit selfs teen die dood kan ingaan en sy werking kan omkeer. Daarom antwoord Paulus sy vraag in Rom 7:25 met die woorde: Aan God die dank. Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.

God is sterker as die dood. Daarom gebeur dit herhaaldelik in die Bybel dat, in ’n situasie waar die doodse magte heers, waar alles hopeloos lyk, God ingryp en alles laat verander en nuwe uitsig bring. Om net een voorbeeld te noem: Abraham en Sara, wie se liggame reeds “verstorwe” was, soos Heb 11:12 dit stel, aan wie die Here ’n seun, Isak geskenk het. Soos die Here self vir Sara gesê het: Niks is by God onmoontlik nie. (Gen 18:14)

Dít is ook die heerlike boodskap van Paasfees. Dat God sterker is as die dood. Hoor weer ons teksvers: Dit was vir die dood onmoontlik om Hom (=Christus) gevange te hou. Die dood was nie by magte om Hom vas te hou nie, want God is magtiger as die dood! Daarom het God Christus van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan!

Hoor jy dit? God is sterker as die dood! Daarom is die Here Jesus nie aan die kruis dood en nou is alles klaar en verby nie. Nee! Die Here Jesus het weer opgestaan uit die dood! Sy graf is leeg!

God het ons magtigste teenstander, ons laaste vyand, dié mag wat ons lewens verslaaf en benoud maak, die dood self – God het dit verslaan, oorwin en sy mag verbreek, finaal en onherroeplik.

Dít is die boodskap van die opstanding, van Paasfees: die dood kon onmoontlik vir Christus vashou. Christus is losgeruk uit die dood, Hy is die Here! Hy sit aan die regterhand van God en regeer die wêreld, regeer in ons lewens deur sy Gees, regeer oor alle magte!

En nou vir die kersie op die koek: Paulus skryf in Ef 1:18-21: "Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet […] hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het …"

Wat met Christus gebeur het op daardie Paasfeesoggend, het ook met jou en my gebeur. Dieselfde krag werk in ons ook.

En daarom
• kan Hy ook vandag en elke dag óns hopelose, uitsiglose doodsituasies van moedeloosheid en wanhoop in lewe en nuwe moontlikhede verander;
• kan Hy ons kragteloosheid en mislukking teen die sonde en versoekings verander in 'n lewe van oorwinning;
• is Hy by magte om ons doodse harte weer nuut te maak, heel te maak, lewend te maak;
• het Hy die finaliteit van die graf verander in 'n heerlike poort na die lewe;
• kan Hy in ons land 'n nuwe toekoms skep!

Niks is by God onmoontlik nie. Geen situasie is só hopeloos en dood dat Hy dit nie lewend kan maak nie. Hy is by magte! Hy het die dood oorwin. Christus is waarlik die Heer, die groot Oorwinnaar. Hy is aan die regterhand van God. Hy regeer!

As ons dít met albei hande in geloof wil vasgryp en daaruit begin lewe – dan sal dit regtig Paasfees word.

Christus is opgewek. En saam met Hom is ek en jy ook opgewek. Daarom kan ons – nee, móét ons – opgewek leef. Jy kán, want God kan.

Amen.

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter

- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026